Hoofstuk XIII

# SAMEVATTING, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

## 1. Samevatting en bevindings

### a. Afdeling A : Inleidend

(1) In hoofstuk I is die probleem kort=liks gestel. Na aanleiding van sommige probleme wat in enkele westerse lande in verband met die prak=tiese opleiding van onderwysers ondervind word en na aanleiding van die feit dat 'n vlugtige opname op heelwat soortgelyke sowel as andersoortige pro=bleme by Transvaalse inrigtings dui, is besluit dat die onderwerp indringender navorsing regverdig.

(2) Vervolgens is in hoofstuk II besin oor die doelstellings met onderwys en met onderwysers=opleiding. Ten opsigte van onderwysersopleiding is twee oorkoepelende doelstellings onderskei, t.w. 'n beroepsdoel en 'n algemeen- vormende doel. Uit die ontleding van hierdie twee genoemde doelstellings het dit geblyk dat die praktiese opleiding van die onderwyser ingesluit word in die terrein wat bestryk word deur sowel die beroepsdoel as die algemeen-vormende doel.

Verwesenliking van die beroepsdoel vereis on=der andere ook beroepsvaardigheid wat op sy beurt opleiding ten opsigte van die toepassing en implemen=tering van die teoretiese kennis vereis. Hierdie praktiese opleiding van die studente geskied hoof=saaklik aan die hand van onderrig in die metodieke van die skoolvakke. Hier word studente o.a. in die

geleentheid gestel om deur demonstrasielesse sekere metodologiese stellinge in die praktyk waar te neem. Ook kry hulle geleentheid om dit self toe te pas en uit te toets in werklike klaskamersituasies. Twee=dens maak die praktiese opleiding voorsiening vir op=leiding in die gebruik en hantering van hulpmiddele en tegniese apparaat. 'n Ander faset van praktiese opleiding is die wetenskaplik-beplande kinderstudie by skole of opleidingsinrigtings bv. in kinderlei=ding-klinieke. Laastens moet ook nog oefenonder=wys genoem word.

Praktiese opleiding moet ook meewerk om die algemeen-vormende doel met onderwysersopleiding te verwesenlik. Aangeleenthede wat langs praktiese weg tot die bereiking van die algemeen-vormende doel kan bydra, is die student se deelname aan 'n ver=skeidenheid godsdienstige, sosiale en ander bedry=wighede en sy praktiese opleiding in leierskap.

(3) In hoofstuk III is vervolgens besin oor die praktiese opleiding van onderwysers onder die volgende hoofde: (a) Wat onder praktiese oplei=ding verstaan word. (b) Beginsels waarop praktiese opleiding van onderwysers in die klaskamer berus en (c) Doelstellings met die praktiese opleiding van onderwysers.

(a) Praktiese opleiding van onderwy=sers is omskryf as al die aktiwiteite wat gedurende 'n onderwysstudent se opleidingstydperk sal bydra om hom op 'n praktiese wyse met die onderwys as werksaamheid te laat kennis maak en wat hom vir die

onderwys sal help voorberei. Daar is van die stand=
punt uitgegaan dat hierdie opleiding plaasvind by die
opleidingsinrigting en by skole.

By die opleidingsinrigting vind dit plaas deur
middel van verskillende soorte demonstrasielesse,
lesse wat die student self gee aan medestudente of
skoolklasse, praktiese oefening in die gebruik van
hulpmiddels en apparaat en die deelname aan of be=
moeienis met studentebedrywighede. By die skole vind
praktiese opleiding plaas deur deelname aan al die
aktiwiteite binne en buite die skool asook binne
en buite skoolverband, d.w.s. bedrywighede wat in
verband gebring kan word met die onderwyser se beroep.

Aangesien daar nie eenvormigheid in die gebruik
van bestaande terme in verband met die praktiese op=
leiding by die skole bestaan nie, is 'n poging aan=
gewend om 'n paar terme wat dikwels in die verband
gebruik word of soms voorgestel word, so te omskryf
dat elkeen beskrywend sal wees van een besondere
aspek of voorgestelde aspek van die praktiese op=
leiding by die skole.

Die term „oefenonderwys" word voorgestel en in
hierdie studie konsekwent gebruik om die praktiese
opleiding te beskryf wat 'n onderwysstudent
gedurende sy kursus by skole ontvang. Oefenonder=
wys kan vir aaneenlopende tydperke van etlike weke
of vir enkele dae of enkele los weke oor 'n sekere
tydperk versprei wees. Dit sal alle aktiwiteite in=
sluit waarby die student in sy hoedanigheid as toe=
komstige onderwyser betrek word, dit wil sê, sowel

binne en buite die skool as binne en buite skoolverband.

„Proefonderwys" word voorgestel om die onderwys aan te dui wat 'n student vir die eerste keer tydens sy opleiding by 'n skool gaan gee en waar hierdie onderwys as 'n proeftydperk gereken sal word, wat sal bepaal of hy sy kursus kan voortsit al dan nie.

Die term „praktiese onderwys" word voorgestel om die onderwys aan te dui wat 'n student gaan gee na afloop van sy formele opleidingskursus aan die opleidingsinrigting. Hy gee dan praktiese onderwys by 'n skool waar hy vir 'n sekere tydperk in 'n nie-permanente alhoewel voltydse hoedanigheid aangestel word. Hierdie onderwys sal verskil van die onderwys wat die ten volle gekwalifiseerde onderwyser gee. Die student sal naamlik eers finaal afgestudeer wees as hy hierdie tydperk van praktiese onderwys suksesvol deurloop het.

(b) Vervolgens is 'n sestal beginsels waarop die praktiese opleiding van onderwysers in die klaskamer berus, onderskei:

(i) Onderwys is 'n werksaamheid of handeling wat aangeleer kan word.

(ii) Die onderwyssituasie verskil wesenlik van alle ander situasies en moet in die praktyk ervaar word om die andersoortige aard daarvan te begryp.

(iii) Die onderwyssituasie is normaalweg, maar veral by die jong onderwyser, 'n situasie

wat spanning teweegbring. Praktiese opleiding by die skool word gesien as 'n middel om hierdie spanning te help verlig.

(iv) Onderwysers kan hulle eie onder=wysmetodes en -tegnieke verbeter deur self hulle lesse te analiseer, te kritiseer en te evalueer. Hierdie ingesteldheid op selfanalise en -evaluering moet aan=geleer word.

(v) Praktiese opleiding van die on=derwyser vervul, naas die opleidingsfunksie, ook 'n tweede alhoewel sekondêre funksie. Dit lei nl. tot uitskakeling van studente wat nie vir die onderwys=beroep geskik is nie.

(vi) Praktiese opleiding gee sin en betekenis aan die teoretiese opleiding.

(c) Na bepaling van beginsels wat die praktiese opleiding van onderwysers ten grondslag lê, is oorgegaan tot die formulering van doelstellings met die praktiese opleiding.

Ten opsigte van die praktiese voorbereiding van die student <u>aan die opleidingsinrigtings</u>, is die vol=gende oogmerke onderskei:

(i) Om in samehang met 'n studie van die verskillende vakmetodieke aan die student terself=dertyd die geleentheid te gee om die onderskeie metodo=logiese sieninge prakties toe te pas of gedemonstreer te sien.

(ii) Om studente vertroud te maak met die aanwending en hantering van vaktegniese appa=

raat en opvoedkundige hulpmiddels.

(iii) Om studente kennis te laat maak met en ondervinding te laat opdoen van remediërende werk by kinders met onderwys- en opvoedingsprobleme.

(iv) Om aan studente op sowel formele as informele wyse praktiese opleiding in leierskap te gee.

(v) Om vir studente die geleentheid te skep wat sal meehelp in hulle vorming tot volwaar=dige, geestelike volwassenheid, onder andere deur aktiewe deelname aan godsdienstige, nasionale, sosia=le estetiese en liggaamlike bedrywighede.

Met die oog op die praktiese voorbereiding van die student tydens oefenonderwys, is die volgende doelstellings onderskei:

(i) Om die student te oriënteer ten opsigte van die wêreld van die skool in sy groot verskeidenheid bedrywighede en eise.

(ii) Om aan die student die geleent=heid te bied om die waarde en relevansie van alles wat tydens sy opleiding aan die opleidingsinrigting as waardevol aan hom voorgehou is, aan die praktyk te toets.

(iii) Om aan die student die sin van al die aspekte van sy omvattende opleiding te laat sien en veral die noue verband wat die teoretiese as=pekte van sy opleiding met die praktyk het.

(iv) Om as 'n siftingsperiode te dien waartydens enersyds die student self kan vasstel of

hy aan die eise van die beroep voldoen en andersyds die dosent en onderwyser respektiewelik 'n oordeel kan vel t.o.v. die beroepsgeskiktheid of nie van die student.

(v) Om studente die geleentheid te gee om self lesse te gee, deskundiges te sien en te hoor optree en deeglike bespreking van sodanige lesse te voer.

(vi) Om studente in staat te stel om deur volgehoue waarneming en ontleding van die ervare en bekwame onderwyser se onderwysmetodiek en deur kritiese ontleding van die eie pogings, te kom tot 'n eie, individuele onderwysstyl.

(vii) Om die persoonlike voorvereistes vir suksesvolle onderrig by studente tuis te bring. Dit sluit persoonlike aangeleenthede soos houding, gebare, gewoontes, spraak, kleredrag, ens. in.

(viii) Om studente in die geleentheid te stel om hulle eie waarde en bekwaamhede te ontdek en die gevoel van tevredenheid wat uit die lewering van nuttige professionele diens spruit, te laat smaak.

(ix) Om geleenthede te skep waar studente die kind van naby kan leer ken en die toe=passing van opvoedkundige beginsels by die hantering van kinders kan aanleer.

(x) Om die aspirant-onderwyser nie slegs vir sy taak in die klaskamer en in en om die skool voor te berei nie, maar ook vir sy taak in die gemeenskap.

(xi) Om op hierdie wyse 'n deel by te dra tot die volkome toerusting van die onderwyser as geestelik-volwasse mens.

(4) Om as agtergrond te dien vir 'n studie van die praktiese opleiding van onderwysers in Trans=vaal, is in hoofstuk IV 'n oorsigtelike ontleding van die stelsels van praktiese opleiding in drie westerse lande, t.w. die V.S.A., Groot Brittanje en Nederland gemaak.

Oorsigtelik beskou, is daar nie baie groot ver=skille in die praktyk van die praktiese opleiding van onderwysers in hierdie drie lande gevind nie. Die volgende globale indrukke gee 'n aanduiding van die verskille ten opsigte van die benadering van die prak=tiese opleiding van die onderwyser.

Die Britse stelsel van praktiese opleiding volg, behalwe ten opsigte van 'n paar besonderhede soos on=der andere 'n praktiese eksamen in lesgee en die ver=spreide, daglange waarnemingsbesoeke, 'n patroon wat min verskil van die Transvaalse stelsels.

Opvallend by die Nederlandse stelsel is die ver=skil in die opleiding van onderwysers vir laer- en middelbare skole. Die verskil in opleiding word, miskien onbewustelik, beklemtoon deur die verskillende benamings vir die leerkragte. Die leerkrag aan die laerskool heet 'n „onderwijzer", die aan 'n middel=bare skool 'n „leraar". Die „onderwijzer" word op=gelei aan 'n kweekskool, die „leraar" aan 'n univer=siteit. Die „onderwijzer" se opleiding is, behalwe

in die eerste leerkring, oorwegend professioneel, met die praktiese vorming as 'n uiters belangrike on= derdeel. Die „leraar" daarenteen, word akademies op= gelei as 'n vakdeskundige, met die professioneel-di= daktiese vorming en dus ook veral die praktiese vorming van sekondêre belang.

Afgesien van die feit dat die Amerikaanse stel= sels van onderwysersopleiding gekenmerk word deur 'n bonte verskeidenheid ten opsigte van die meeste fa= sette van die opleiding, kan met reg beweer word dat op die gebied van die praktiese vorming, die V.S.A. vandag een van die toonaangewende lande in die wes= terse onderwyswêreld is. Die verskeidenheid stel= sels en die mate van outonomie van die verskillende opleidingsinrigtings kan waarskynlik as bydraende redes vir die dinamiese ontwikkeling op hierdie ge= bied aangevoer word. Intensiewe navorsing en eksperi= mentering ten opsigte van alle fasette van die praktiese opleiding by die skole is 'n kenmerk van die meeste opleidingsinrigtings. Hiervan getuig die groot hoeveelheid literatuur wat gereeld ver= skyn. Op verskillende gebiede onderskei die Ameri= kaanse stelsels van praktiese opleiding hulle van dié van die ander twee lande. Hier word bv. ge= dink aan die stelsel van internskap, die gebruik van spanonderrig, die volharding met oefenskole veral as sentra vir navorsing en eksperimentering. Verder kan die groter verantwoordelikheid wat skole opgelê word ten opsigte van onderwysersopleiding by wyse van bv. toesighoudende onderwysers wat ook in 'n mindere of meerdere mate vir hulle dienste vergoed

word, ook genoem word.

Wat egter ook opvallend is, is die oorwegend pragmatistiese inslag van al hierdie bedrywighede. Die praktiese vorming het vir die Amerikaanse opvoed=kundige blykbaar een oorheersende doelstelling, nl. om die onderwyser so toe te rus dat hy die kind op die beste en vinnigste wyse kennis kan bybring. Dit is wel belangrik, maar daar word tog in die prak=tiese vorming, soos in alle vertakkinge van die on=derwysersopleiding, ook na die meer verhewe doel=stellings gesoek. Daar kan met reg verwag word dat die kwekeling-onderwyser ook in sy praktiese vorming voorberei en ten volle toegerus sal word om sy taak as opvoeder in sy volle en omvattende sin te kan volbring.

b. Afdeling B : Histories

In Transvaal het die praktiese oplei=ding van onderwysers in 'n groot mate dieselfde ont=wikkelingsgang deurloop as in die ander drie provin=sies. In alle gevalle vind ons aanvanklik opleiding deur middel van die kwekelingstelsel en daarna 'n ge=leidelike oorskakeling na opleiding in spesiale op=leidingsinrigtings.

Dwarsdeur die republikeinse tydperk, vanaf 1859 toe die kwekelingstelsel in Transvaal ingestel is tot met die Tweede Vryheidsoorlog, was kwekelingskap feit=lik die enigste wyse waarop 'n persoon hom as onder=wyser kon bekwaam. In hierdie tyd was onderwysers=opleiding dus in 'n baie groot mate praktiese oplei=

ding en die verwerwing van praktiese vaardigheid dus een van die belangrikste oogmerke van die opleiding.

Na die oorlog het 'n nuwe tydperk aangebreek toe weggedoen is met kwekelingopleiding en die nor=maalkolleges in die lewe geroep is. Die belangrik=ste invloed wat die opleiding in akademiese en pro=fessionele inrigtings op die praktiese opleiding ge=had het, was dat die klem begin verskuif het van 'n grootliks pragmatiese benadering na 'n meer gebalan=seerde siening van die funksie van praktiese oplei=ding, nl. om aan die teoretiese vorming as fundering vir die praktiese, sin te gee.

Met die vestiging van die eerste normaalkolleges het die praktiese opleiding twee vorme begin aanneem. Eerstens en hoofsaaklik is beweeg in die rigting van verskillende stelsels van oefenonderwys in die skole en tweedens is die idee van demonstrasielesse deur dosente en studente by die inrigtings of in bepaalde skole nagevolg.

Die wyses waarop oefenonderwys deur die jare georganiseer is, het 'n lang geskiedenis van eksperi=mentering met alle denkbare maniere van rangskikking van die tydperke van oefening.

Al die kolleges het tot ongeveer 1935 aanhou=dend en met geringe sukses pogings aangewend om 'n oefen- of demonstrasieskool as 'n integrale deel van die kollege gestig te kry. Waar sulke skole nog gestig is, was daar soveel probleme in verband met samewerking tussen skool en kollege of gebrek aan

begrip en samewerking van die kant van die ouers, dat die skole se bestaan van korte duur was. Met verwysing na die ander provinsies is dit insiggewend om daarop te let dat in Natal nog nooit van oefen- of demonstrasieskole gebruik gemaak is nie en dat die oefenskool wat in die vyftiger jare aan die Onderwyskollege van die U.O.V.S. verbonde was, na 'n kort bestaan gesluit is. Dit is slegs in die Kaapprovinsie waar oefenskole al sedert 1878, met die stigting van die N.G.-kerk se normaalkollege, met sukses aan die meeste opleidingskolleges funk= sioneer. Die rede vir die sukses van hierdie oefen= skole moet miskien gesoek word in die feit dat by sommige kolleges die skool direk aan die kollege ver= bonde is.[1)]

Wat die plek van die praktiese opleiding in die patroon van onderwysersopleiding betref, is daar tekens gevind dat hierdie aspek van die op= leiding in die jongste jare breër gesien word as slegs afrigting in en vir die klaskamer. Daar is nl. inrigtings wat bv. studente se deelname in verenigingslewe, sportbedrywighede, ens. en die be-oefening van leierskap op verskillende terreine as fasette van die praktiese opleiding sien en dit ook aanmoedig.

Daar is gevind dat die provinsiale onderwyskol= leges deur die jare voortdurend gepoog het om hulle stelsels van praktiese opleiding by die eise van die tyd en van omstandighede te laat aanpas. Vol=

---

1) Kyk bladsye 115-116

gens die beskikbare gegewens het hierdie wysigings en aanpassings meestal te doen gehad met organisato= riese aangeleenthede soos die lengte van oefenonder= wys, die verspreiding van die oefenonderwys deur die week, die kwartaal en die jaar, finansiële probleme i.v.m. die uitwoon van studente, ens.

Samevattend blyk dit dan uit die oorsig dat praktiese oefening in die opleidingsprogram van on= derwysers voortdurend besondere aandag geniet het.

Dit het eerstens duidelik geword dat die kwe= kelingstelsel aan talle gebreke mank gegaan het. Verder is aangetoon dat die ideaal van talle inrig= tings om hulle eie demonstrasie- of oefenskole te besit, sterk bepleit en dikwels op die proef gestel is, maar dat hierdie skole om verskillende redes misluk het.

Ten slotte word die indruk gelaat dat, alhoewel daar deur die jare op die gebied van die praktiese opleiding veel beplanning gedoen en arbeid verrig is, daar nou aan die hand van kriteria wat die prak= tiese opleiding ten grondslag lê, gepoog moet word om dié opleiding meer wetenskaplik te begrond en te beplan.

c. <u>Afdeling C : Empiries</u>

Uit die ontleding van die antwoorde op die vrae aan studente, dosente, skoolhoofde en onderwysers, kan die belangrikste bevindings en die voortspruitende gevolgtrekkings soos volg saamgevat

word:

(1) Ondersoek uitgevoer onder studente

(a) Praktiese opleiding aan die op=leidingsinrigtings

(i) 'n Ontleding is gemaak van die mate waarin studente by die opleidingsinrigtings die geleentheid kry om na demonstrasielesse van do=sente te luister en om self lesse voor dosente te gee, asook van die wyse en aard van die bespreking van die lesse. Te oordeel aan die respondente se antwoorde word demonstrasielesse as een aspek van praktiese opleiding by die meeste inrigtings slegs by wyse van uitsondering toegepas.

Die enigste gebruik wat by die meeste inrigtings redelik algemeen voorkom, is die aanbieding van lesse deur studente aan hulle medestudente, asof hulle skoolleerlinge is. Hierdie lesse word in die meeste gevalle nie agterna bespreek nie. Die metode kan hoogstens beskou word as geleenthede vir studente om lesse uit te werk en voor 'n gehoor aan te bied. Uit hoofde van die feit dat dit sonder leerlinge aangebied word, het dit nie veel waarde nie daar dit te ver van die werklike skoolsituasie staan.

Demonstrasielesse met leerlinge in 'n demonstra=sielokaal word slegs in uitsonderlike gevalle aange=bied. Die groot meerderheid studente rapporteer dat hulle nooit die geleentheid kry om na sodanige demonstrasielesse deur dosente te luister nie. As van die standpunt uitgegaan word dat die vakmetodiek=dosent sy studente moet oplei vir die onderrig van leerling in sy besondere vak dui die feit dat dosente

in die meeste gevalle nooit enige demonstrasielesse aan leerlinge voor studente gee nie, op 'n ernstige leemte in studente se praktiese opleiding.

(ii) Van die feit dat meer as 'n kwart van die respondente verklaar dat hulle glad nie of slegs in 'n geringe mate vertroud gemaak is met apparaat wat in hulle besondere onderwysrigting van belang is, moet afgelei word dat studente se prak=tiese opleiding in hierdie opsig te kort skiet.

(iii) Die ondersoek het aangetoon dat die deelname van studente aan die verskillende studentebedrywighede persentueel geneem, oor die al=gemeen bevredigend is. As daar egter van die stand=punt uitgegaan word dat die onderwyser nie net in die klaskamer nie, maar ook ten opsigte van buitemuurse bedrywighede 'n opvoedingstaak het, dan moet die am=per 20% passiewe studente, dit wil sê wat aan geen studentebedrywighede deelneem nie,[1] as besonder hoog beskou word.

(b) Praktiese opleiding tydens oefen=onderwys

(i) Die ondersoek het eerstens aangetoon dat die studente geen besondere probleme ondervind om die skole vir oefenonderwys te bereik nie, aangesien die meerderheid binne loopafstand van die skole woon of gaan loseer of die skole maklik met eie, privaat of openbare vervoer kan bereik. Daar is verder aangetoon dat die meerderheid studente geen noodsaaklike verpligtinge tydens oefenonderwys

---

1) Kyk tabel 14.

by die opleidingsinrigtings moet nakom nie en gevolg=lik hulle volle aandag aan skoolwerk en ander skool=bedrywighede kan gee.

(ii) Wat studente se voorberei=ding by die opleidingsinrigtings met die oog op oefen=onderwys betref, is onder andere aangetoon dat 'n aansienlike persentasie van die ondersoekgroep (38.8%) glad nie of baie selde deur dosente ingelig word oor die vereistes waaraan hulle kritieklesse moet voldoen. Gesien die belangrike rol wat kritieklesse tydens oefenonderwys speel en die tyd wat studente aan die voorbereiding van hierdie lesse bestee, moet die verskynsel as 'n besliste leemte in studente se voor=bereiding by die opleidingsinrigtings beskou word.

(iii) Vervolgens is ondersoek in=gestel na die voorligting wat studente by die oefen=skole van hoofde of hulle verteenwoordigers ontvang. Eerstens kan dit verwag word dat die hoof of iemand namens hom, die studente oor die skool se tradisies en gewoontes behoort in te lig, met die oog op die bevredigende inskakeling van studente by die skool. 'n Groot persentasie van die studente (45.9%) ver=klaar egter dat hulle glad nie of baie selde ten opsigte van die sake ingelig word, terwyl 'n aan=sienlike persentasie (33.2%) ook geen of baie min voorligting ten opsigte van die skoolorganisasie en hulle aandeel daaraan ontvang.

Oor die skole se beleid en werkmetodes ten op=sigte van organisatories-didaktiese aangeleenthede soos toets- en eksamenstelsels, klasindeling, huis=

werk, ens. rapporteer studente eweneens 'n gebrek aan behoorlike voorligting.

Dit is verder aangetoon dat studente in die meeste gevalle geen of baie min voorligting van hoofde ontvang oor die gebruik, opstelling en/of voltooiing van administratiewe stukke soos skoolbesoekregisters, rapportvorms, ens.

Samevattend kan die afleiding dus gemaak word dat skoolhoofde se voorligting aan studente ten op=sigte van sake wat hulle bevredigende inskakeling in die skoolbedrywighede sou bevorder en ten opsigte van sake wat vir studente se professionele opleiding van groot belang is, nie bevredigend geskied nie.

(iv) Die ondersoek na studente se inskakeling by die onderwysers se skool-, professio=nele en sosiale bedrywighede, het die volgende aan die lig gebring.

Die meerderheid van die studente verklaar dat hulle hul in 'n hoë mate met die skole en skoolbe=drywighede vereenselwig het en dat hulle deur die skoolpersoneel welkom laat voel is. Dit is egter opvallend dat studente se positiewe antwoorde op hierdie twee vrae afneem namate hulle meer ondervin=ding van oefenonderwys opdoen. 'n Moontlike ver=klaring vir hierdie verskynsel mag wees dat studente algaande hoër eise aan vereenselwiging stel.

Daar is ook aangetoon dat studente slegs by wyse van uitsondering by die sosiale en na-uurse professionele bedrywighede soos bv. T.O.-byeenkomste,

ingeskakel word. Moontlike redes vir hierdie ver=skynsel mag wees dat studente meestal nie naby die skole woon of loseer nie en dus nie in die middae of aande beskikbaar is nie, of dat sodanige byeenkom=ste toevallig nie met hul oefenonderwystydperk saam=geval het nie.

Verder is vasgestel dat studente slegs met hoë uitsondering leerlinge se ouers ontmoet en dat dit byna glad nie gebeur dat studente saam met onderwysers huisbesoek by leerlinge se ouers doen nie. Hierdie bevinding mag daarop dui dat onderwysers self min voeling met ouers het en selde of ooit huisbesoek by ouers doen.

(v) In die volgende afdeling van die ondersoek is die samewerking en leiding wat stu=dente van die klas- of vakonderwysers ontvang, onder die soeklig geplaas. Uit hierdie ondersoek het hoofsaaklik die volgende geblyk:

'n Aansienlike persentasie van die respondente (31.1%) verklaar dat die onderwysers se onderwysme=todes heeltemal of grootliks verskil van dié wat studente by die opleidingsinrigtings leer. Hierdie verskynsel kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die meerderheid van die onderwysers onder wie se sorg studente geplaas is, tien en meer jaar onderwys=ervaring het,[1] en dus moontlik self uit voeling is met die opleidingsinrigtings se werk of met die jong=ste ontwikkelings ten opsigte van vakmetodieke. Dit

---

1) Kyk tabel 123.

mag ook wees dat hulle uit ondervinding 'n eie bena= dering ten opsigte van sekere vakmetodologiese aspek= te aangeleer het wat vir studente onbekend is. Die verskynsel kan egter nie anders as om 'n verwarrende uitwerking op studente te hê nie en verdien daarom erns= tige aandag.

Nieteenstaande die verskil wat studente bemerk in die vakmetodologiese benadering van dosente en on= derwysers, toon die ondersoek dat die groot meerder= heid van die dosente 'n hoë dunk van die onderwysers se bekwaamheid as onderwysers het. Dat hulle egter nie dieselfde hoë dunk van die onderwysers se vermoë om studente voor te lig het nie, blyk uit die kommen= taar oor die mate waarin onderwysers verskillende di= daktiese en organisatoriese aangeleenthede met stu= dente bespreek. Die ondersoek het nl. aangetoon dat sake soos die aanlê en byhou van skoolbesoekregis= ters, voorbereiding en verslag van werk en metodes om dissipline te handhaaf deur groot persentasies van die onderwysers (respektiewelik 47.5%, 23.9% en 24.4%) nooit of slegs af en toe met studente be= spreek word.

Dit is verder aangetoon dat een van die belang= rikste aspekte van die student se praktiese opleiding tydens oefenonderwys, nl. die bespreking en ontleding van lesse wat studente en onderwysers gee, beslis nie voldoende aandag geniet nie. So verklaar die helfte van die studente (50.7%) dat onderwysers selde of ooit hulle eie lesse met studente bespreek en dat meer as 'n kwart (33.8%) selde of ooit studente se

lesse met hulle bespreek.

Die afleiding wat uit hierdie afdeling van die ondersoek gemaak kon word, is dat die onderwysers onder wie se sorg studente geplaas word, wel bekwame en ervare onderwysers is maar dit blykbaar nie as hulle taak sien om studente doelbewus ten opsigte van die normale klasbedrywighede op te lei nie.

(vi) Uit die ondersoek na die houding van leerlinge teenoor studente is vasgestel dat die groot meerderheid studente baie min probleme ondervind om deur die leerlinge as onderwysers aan=vaar of behandel te word en dat hulle ook geen of baie min dissiplinêre probleme met leerlinge het. Die oorgrote meerderheid studente verklaar ook dat hulle dit meer as gemiddeld geniet het om met die leerlinge te werk.

Uit hierdie bevindings kan dus afgelei word dat die leerlinge se houding teenoor studente meestal positief is en dat daar in die opsig geen noemens=waardige probleme in die oefenonderwyssituasie on=dervind word nie.

(vii) Vervolgens is ondersoek in=gestel na die gebruik van groepleiers tydens oefen=onderwys[1]. Uit die ondersoek het dit geblyk dat die meeste inrigtings wel groepleiers aanstel.

---

1) Onder groepleiers word verstaan studente wat namens 'n studentegroep optree in die groep se onderhandelings met hoofde, onderwysers en dosente.

Daar is ook gevind dat die meerderheid studente, waaronder persentasies afstuderende studente is, nooit die geleentheid gehad het om as groepleiers op te tree nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat opleidingsinrigtings hierdie gebruik nie in die eerste plek as wyse van opleiding sien nie, want so gesien behoort soveel studente moontlik die geleent=heid te kry om vir die organisasie van die groep se bedrywighede verantwoordelik te wees.

Dit het verder geblyk dat meer as 'n kwart van die groepleiers geen samewerking van skoolhoofde of hulle verteenwoordigers ontvang nie. Hierdie ver=skynsel mag moontlik dui op 'n versuim aan die kant van skoolhoofde om die beplanning van oefenonderwys=tydperke met groepleiers te bespreek. Dit mag selfs op 'n algehele gebrek aan beplanning van die oefenonderwystydperk dui.

(viii) Uit die ondersoek na die gebruik van kritieklesse voor dosente is die belang=rikste bevindings uit studente se antwoorde dat by slegs enkele inrigtings studente nie mekaar se lesse bywoon met die oog op latere groepbespreking nie. Van die meeste inrigtings word gerapporteer dat stu=dente mekaar se lesse en die bespreking daarvan ge=reeld bywoon en dat dit as doeltreffend beskou word.

Dit het egter aan die lig gekom dat die meerder=heid studente verklaar dat die standaarde en vereis=tes wat verskillende dosente vir 'n kritiekles stel, in 'n hoë mate tot heeltemal tussen dosente verskil. Hierdie klaarblyklike gebrek aan koördinasie tussen dosente van dieselfde inrigting ten opsigte van die

evaluering van kritieklesse moet tot groot verwarring en frustrasie by studente lei. Dit kan moontlik die rede wees waarom 'n aansienlike persentasie studente (36.0%) nie 'n baie hoë dunk van die vormende waarde van kritieklesse het nie. Hierdie aangeleentheid verdien gevolglik die ernstige aandag van opleidings=inrigtings.

(ix) In die laaste afdeling van die ondersoek is afstuderende studente versoek om fasette van oefenonderwys asook van hulle kursus as geheel te evalueer. Daarvolgens het dit geblyk dat die groot meerderheid studente die meeste waarde heg aan lesse wat hulle aan leerlinge gee sonder aanwe=sigheid van onderwysers of dosente. Hierdie tendens kon logies te wagte wees aangesien studente in klas=situasies waar slegs leerlinge teenwoordig is, meer op hulle gemak behoort te voel en ook na hartelus kan eksperimenteer.

'n Insiggewende verskynsel is egter die bevin=ding dat, alhoewel 'n redelike groot persentasie studente nie 'n hoë dunk van die waarde van kritiek=lesse het nie, hulle nogtans hierdie lesse baie hoër waardeer as die voorligting en opleiding wat hulle van onderwysers ontvang.

Dit is verder insiggewend dat die studente die minste waarde heg aan skoolhoofde se voorligting. As in gedagte gehou word dat studente wel 'n hoë dunk van die onderwysers se professionele bekwaamheid het, dan is die logiese afleiding uit hierdie gegewens dat hoofde en onderwysers se bydrae tot die sukses van

oefenonderwys as opleidingstydperk nie aan studente se verwagtings voldoen nie.

In studente se evaluering van die verskillende fasette van hulle breë opleiding is duidelik aange= toon dat hulle oefenonderwys as die waardevolste fa= set van hulle vorming as onderwysers beskou, terwyl praktiese werk by die opleidingsinrigtings 'n veel geringer bydrae tot hulle vorming gemaak het.

Die feit dat studente oefenonderwys in hulle evaluering so hoog aanslaan, mag egter gedeeltelik daaraan toegeskryf word dat respondente beïnvloed is om hierdie aspek van hulle opleiding sterk te be= kelmtoon omdat die vraelys grootliks oor oefenonder= wys handel.

(2) <u>Ondersoek uitgevoer onder dosente</u>

(a) In die vraelys aan dosente is eerstens ondersoek ingestel na die mate waarin do= sente van verskillende soorte demonstrasielesse ge= bruik maak. Dit het geblyk dat alhoewel die meer= derheid dosente aandui dat hulle hul eie demonstrasie= lesse en die lesse wat studente voor medestudente aanbied baie suksesvol vind, minder as 10% gereeld hiervan gebruik maak. Demonstrasielesse aan leerlinge in 'n demonstrasielokaal word slegs in uitsonderlike gevalle aangebied. Hierdie bevinding stem in 'n groot mate ooreen met die antwoorde van studente op soortge= lyke vrae. Uit persoonlike navrae en kommentaar van dosente blyk die rede vir hierdie klaarblyklike leemte

in die praktiese opleiding van studente die feit te wees dat slegs enkele inrigtings oor behoorlike de= monstrasielokale beskik. Daar is egter ook vasge= stel dat selfs by inrigtings wat geskikte demonstra= sielokale besit, nie die optimale gebruik van die lokale gemaak word nie.

Die voorsiening van demonstrasiegeriewe en die behoorlike benutting daarvan is dus 'n saak wat ern= stige besinning en daadwerklike aandag sal moet ge= niet.

(b) In die ondersoek na die verskil= lende aspekte van oefenonderwys waarmee dosente te doen kry, is eerstens navraag gedoen na die mate van samewerking wat dosente van hoofde en onderwysers ontvang. Dit het geblyk dat die oorgrote meerder= heid dosente goeie tot baie goeie samewerking van laerskoolhoofde en -onderwysers ontvang, terwyl slegs ongeveer die helfte van die dosente sodanige samewerking van hoërskoolhoofde en -onderwysers ontvang.

Die rede vir hierdie verskynsel is nie duidelik nie, want volgens hoofde en onderwysers se antwoorde op vrae in verband met hulle skakeling met dosente, is geen opvallende verskille in die antwoorde ten opsigte van laer- en hoërskole aangetoon nie.

(c) Wat die metodes waarvolgens do= sente se besoeke aan studente gereël word, betref, het dit geblyk dat die algemeenste metodes dié is waarvolgens dosente elke dag na 'n nuwe groep stu=

dente se kritieklesse gaan luister. Te oordeel na dosente se aanvullende kommentaar, verkies talle eg=ter om 'n beperkte getal studente onder hulle sorg te neem en hierdie spesifieke groepie studente dan beurtelings te besoek om lesse aan te hoor en hulle probleme en vordering te bespreek. Hierdie metode word deur dosente van een inrigting as hulle vernaam=ste metode aangedui.

(d) Die ondersoek na die wyse waarop dosente studente se kritieklesse reël, het die vol=gende aan die lig gebring:

Die oorgrote meerderheid dosente verklaar dat hulle studente se kritieklesse gereeld individueel met hulle bespreek of ook samespreking daaroor voer met die hele studentegroep en dat hulle hierdie me=todes baie suksesvol vind. Dit blyk egter ook dat die meerderheid dosente selde of ooit die betrokke onderwysers uitnooi om studente se kritieklesse en die daaropvolgende samesprekings by te woon.

Hierdie bevinding openbaar 'n moontlike onwil=ligheid aan die kant van dosente om onderwysers by hierdie belangrike faset van studente se opleiding by die skole te betrek. Die verskynsel mag een van die redes wees waarom sommige dosente 'n ge=brek aan samewerking by onderwysers rapporteer. Onderwysers voel naamlik uitgesluit[1] en kan om die rede nie geneë wees om ten volle saam te werk nie.

---

1) Kyk p. 425 (hfst. XII).

(e) Ondersoek is ook ingestel na die mate waarin dosente die geleentheid skep om na afloop van 'n oefenonderwystydperk probleme van 'n didaktiese aard wat studente tydens oefenonderwys ondervind het, by hul inrigtings te bespreek. Dit is vasgestel dat die meerderheid dosente gereeld so=danige geleenthede skep en dat hulle hierdie gebruik baie suksesvol vind.

'n Ondersoek na die gebruik om studente die ge=leentheid te gee om besonder goeie kritieklesse voor studente in die klas te laat herhaal, het aangetoon dat die groot meerderheid dosente dit selde of ooit aanwend. Volgens dosente se bykomstige kommentaar is hulle vernaamste beswaar teen so 'n gebruik dat die omstandighede in 'n klas met studente te kuns=matige is.

(f) Vervolgens is vasgestel watter waarde dosente heg aan enkele spesifieke fasette van oefenonderwys. Dit het geblyk dat die groot meer=derheid respondente die feit dat oefenonderwys aan hulle die geleentheid bied om hulle studente onder werklike skooltoestande te sien optree, as die waar=devolste aspek van oefenonderwys beskou. Tweedens beskou hulle die geleentheid om studente se profes=sionele bekwaamhede te evalueer, as baie waardevol. Hieruit volg dat dosente voorkeur sal gee aan 'n oefenonderwysstelsel waardeur hulle met soveel van hulle eie studente moontlik in aanraking sal kom.

(g) Laastens is vasgestel dat die meerderheid dosente van mening is dat die praktyk om skole te besoek om studente se lesse aan te hoor, wel die tyd en koste daaraan verbonde regverdig. Die grootste persentasie dosente is dus ten gunste van hierdie bydrae wat hulle kan lewer tot studente se vorming.

(3) <u>Ondersoek uitgevoer onder skoolhoofde</u>

(a) In die eerste plek is hoofde ver=soek om sekere voorgestelde redes waarom studente by hulle skole welkom sou wees, te evalueer. Uit die antwoorde is dit duidelik dat die oorgrote meerder=heid hoofde studente by hulle skole verwelkom omdat hulle dit as geleentheid aanvaar om met die oplei=ding van toekomstige onderwysers behulpsaam te wees. Die suggestie dat studente welkom is sodat onderwy=sers van buitemuurse bedrywighede vrygestel kan word om sodoende meer aandag aan hulle klaswerk te kan gee, of andersom, word ondubbelsinnig deur hoofde verwerp.

Vervolgens is hoofde gevra om sekere voorge=stelde redes waarom studente nie by hulle skole welkom sou wees nie, te evalueer. Die antwoorde toon eerstens dat die groot meerderheid hoofde van mening is dat studente nie om die voorgestelde redes onwelkom is nie. Faktore wat egter in 'n groter mate as ander daarvoor verantwoordelik is dat sekere hoofde die studente as onwelkom beskou, is nl. dat hulle onderwysersopleiding nie as die medeverant=

woordelikheid van skole beskou nie (11.3%) en dat studente die skoolorganisasie en onderwysers se klas= werk ontwrig (7.3%).

Samevattend blyk dit dus dat baie min skool= hoofde studente as onwelkom by hulle skole beskou en dat studente hoofsaaklik verwelkom word omdat hoofde graag met die student-onderwyser se opleiding behulpsaam wil wees.

(b) Vervolgens is ondersoek ingestel na die kwartale van die jaar wanneer dit hoofde die beste pas en dié wanneer dit ongerieflik is om stu= dente te ontvang.

Die ondersoek het aangetoon dat die tweede en derde kwartale deur die oorgrote meerderheid as die geskikste tye aangedui word. Die belangrikste rede waarom hoofde hierdie kwartale verkies, is omdat die skoolprogram dan die beste vlot en die studente gevolglik ook die meeste baat by oefenonderwys sal vind.

Die vierde kwartaal word deur die groot meerder= heid as ongeskik vir oefenonderwys aangedui aange= sien in hierdie kwartaal hersiening gedoen en eksa= men geskryf word. Die meerderheid dui ook aan dat die eerste kwartaal ongerieflik is aangesien dit 'n skool etlike weke neem om goed op dreef te kom en aangesien onderwysers en kinders mekaar self nog moet leer ken.

(c) Die ondersoek na sekere aspekte van hoofde se beleid en organisasie in sake oefen= onderwys het getoon dat die meerderheid hoofde die oefenonderwys gereeld volgens 'n vaste plan reël waar= by hulle self, die vise-hoofde en die personeel be= trek word. Ongeveer die helfte van die hoofde be= hartig gereeld self alle aspekte van die organisasie terwyl by ongeveer 'n derde 'n vise-hoof of 'n ander personeellid gereeld vir die organisasie verantwoor= delik is. Die groot meerderheid hoofde is egter daarop gesteld om self die studente toe te spreek en hulle oor die skoolorganisasie en hulle ver= antwoordelikhede in te lig.

Dit is verder aangetoon dat by die groot meer= derheid skole dit nooit of baie selde so gereël word dat studente in groepe na lesse van bekwame onder= wysers luister.

Die groot meerderheid hoofde verklaar dat stu= dente selde of ooit personeelvergaderings bywoon. Volgens hoofde se aanvullende kommentaar is sommige van die redes vir hierdie verskynsel dat studente nie in die middae beskikbaar is nie, dat hoofde dit nie van studente verwag nie, en dat hoofde verkies om nie studente teenwoordig te hê nie.

Amper die helfte van die hoofde verklaar dat hulle aan afstuderende studente nooit of baie selde die geleentheid gee om vir 'n week of langer 'n onderwyser se volle program oor te neem.

Hoewel van bogenoemde gegewens in verband met die organisasie van oefenonderwys by skole afgelei kan word dat die meerderheid skoolhoofde verklaar dat oefenonderwys volgens 'n vaste plan gereël word, is daar tog duidelike tekens gevind dat dit by baie skole nie die geval is nie. Dit bring mee dat die student se oefenonderwyservaring nie optimaal benut word nie.

(d) Wat die lewering van vertroulike verslae oor studente aan hulle opleidingsinrigtings betref, verklaar die meerderheid hoofde wel dat dit moontlik is om na 'n oefenonderwystydperk behoorlik verslag oor studente te lewer. Dit is egter be=langrik om te meld dat 'n kwart van die respondente verklaar dat hulle en hulle onderwysers nie na be=hore verslag kan lewer nie. Uit aanvullende kom=mentaar blyk dit dat hoofde en onderwysers weens veelvuldige verpligtinge nie die tyd kan vind om be=hoorlike aandag aan studente te wy nie.

(e) Antwoorde op die vrae oor skole se skakeling met opleidingsinrigtings het aangetoon dat meer as die helfte van die respondente van mening is dat hulle nie goeie en gereelde voeling met die opleidingsinrigtings het nie. Die meerderheid is egter tevrede met die skakeling wat tussen hulle en die dosente bestaan.

Verder is aangetoon dat feitlik alle hoofde (93.0%) verklaar dat hulle dit beslis nodig vind dat dosente die studente by die skole besoek.

(f) Laastens is hoofde se menings oor sekere aspekte van oefenonderwysbeleid en -prak= tyke ingewin. Eerstens is aangetoon dat die meer= derheid hoofde van mening is dat skole die medever= antwoordelikheid vir die praktiese opleiding van onderwysers moet aanvaar. Op die vraag of skool= hoofde of die persone wat namens hulle optree, die tyd het om na behore aandag aan al die aspekte van oefenonderwys te skenk, is aangetoon dat slegs 'n baie klein persentasie (t.w. 5.4%) bevestigend ant= woord, terwyl meer as 'n kwart verklaar dat hulle beslis nie deeglik aandag aan oefenonderwys kan skenk ..e.

Daar kan dus samevattend afgelei word dat die groot meerderheid hoofde die medeverantwoordelikheid vir die praktiese opleiding van onderwysers aanvaar. Tog verklaar hulle dat hulle tydens oefenonderwys nie genoeg en behoorlik aandag aan studente kan skenk nie.

Dit het voorts geblyk dat meer as die helfte van die respondente nie ten gunste van die suggestie is dat 'n personeellid gedeeltelik van sy gewone pligte vrygestel word om studente se praktiese op= leiding tydens oefenonderwys te beplan en te koör= dineer nie. As redes word onder andere genoem dat skole dit nie kan bekostig om 'n personeellid gedeeltelik van sy gewone pligte vry te stel nie en dat so 'n reëling miskien in belang van studente, maar nie in belang van die leerlinge sal wees nie.

Die moontlikheid van 'n langer en ononderbroke tydperk van oefenonderwys, bv. 'n volle kwartaal, word deur die helfte van die respondente ondersteun terwyl feitlik 'n gelyke persentasie hulle daarteen uitspreek. Te oordeel na die kommentaar van veral hoërskoolhoofde is die belangrikste beswaar die feit dat onderwysers alreeds onder huidige omstandighede te min tyd het om behoorlike aandag aan studente te skenk.

Die laaste vraag het gehandel oor die moontlik= heid van 'n lang tydperk van bv. 'n jaar praktiese onderwys waarmee die student se formele opleiding aan die opleidingsinrigting afgesluit word maar wat nog as deel van sy opleiding beskou sal word. Oor die moontlikheid was respondente ongeveer gelykop verdeel. Die aanvullende kommentaar ten gunste van of teen die suggestie is so uiteenlopend dat 'n afleiding moeilik gemaak kan word. Die kommentaar is verder so insiggewend en prikkelend dat hierdie saak verdere ondersoek verdien.

(4) <u>Ondersoek uitgevoer onder onderwysers</u>

(a) Onderwysers se antwoorde op die vrae wat hulle houding teenoor oefenonderwys wou vasstel, toon dat die meerderheid die geleentheid verwelkom om toekomstige onderwysers te help vorm en oplei. Dit is ook aangetoon dat namate onder= wysers meer onderwyservaring en ervaring van studente in hulle klasse opdoen, die positiewe ingesteldheid teenoor hierdie opleidingsfunksie verhoog.

(b) Die ondersoek na onderwysers se oefenonderwyspraktyke in die klaskamer het onder andere daarop gedui dat die meerderheid onderwysers oefenonderwys volgens 'n voorafbeplande program laat verloop. Verder verklaar die meerderheid ook dat hulle studente gereeld behulpsaam is met die beplan= ning en voorbereiding van lesse wat hulle voor on= derwysers moet gee en dat lesse gereeld na afloop daarvan bespreek word. As daar egter van die stand= punt uitgegaan word dat die ondervinding wat studente in die klaskamer opdoen en die leiding wat hulle van die onderwysers ontvang, van die belangrikste, indien nie die belangrikste vertakking van oefen= onderwys is, is dit sorgwekkend dat ongeveer 'n kwart van die onderwysers verklaar dat hulle die oefenonderwys onbeplan laat verloop en studente selde of ooit met die voorbereiding en beplanning van lesse behulpsaam is.

Wat onderwysers se aandeel in studente se kritiek= lesse betref, verklaar feitlik alle onderwysers dat dosente hulle nooit uitnooi om hierdie lesse by te woon of deel te neem aan die samespreking oor die lesse nie. Te oordeel na onderwysers se aanvullende kommentaar is dit duidelik dat hulle hierdie verskyn= sel sterk veroordeel.

Dit is verder aangetoon dat die meeste onderwy= sers geleenthede skep om leerlinge se leer- en ver= wante probleme met studente te bespreek. Voorts is ook vasgestel dat ongeveer 'n derde van die respon=

dente selde of ooit aan afstuderende studente die ge= leentheid bied om vir 'n tydperk voltyds skool te hou. Volgens hoofde se verklaring is hierdie persentasie veel hoër. Alhoewel dit ingesien kan word dat so 'n reëling ontwrigtend op die onderwyser se werk kan inwerk, is dit tog jammer dat groot getalle studente blykbaar nooit tydens hulle opleidingstyd die onder= vinding opdoen om die volle verantwoordelikheid van 'n onderwyser se pligte, selfs vir 'n beperkte tyd, oor te neem nie.

(c) Ongeveer die helfte van die onder= wysers verklaar dat opleidingsinrigtings hulle nie van voldoende inligting oor studente wat by hulle vir oefenonderwys geplaas word, voorsien nie. Dit het verder geblyk dat die groot meerderheid onder= wysers dit wel noodsaaklik ag om van omvattende be= sonderhede in verband met studente se opleiding as= ook hulle bekwaamhede en tekortkominge voorsien te word.

(d) Uit respondente se verslae oor die gehalte en moontlikhede van die studente wat onder hulle sorg geplaas is, kan afgelei word dat onderwysers 'n hoë dunk van die meerderheid studente se moontlikhede as onderwysers en van hulle belang= stelling in die onderwys het.

Oor die mate waarin studente met onderwysers saamwerk en hulle opdragte uitvoer, blyk dit dat baie studente die meeste van hulle aandag en tyd aan die voorbereiding van kritieklesse bestee en gevolglik geneig is om opdragte van onderwysers as minder be=

langrik te beskou.

(e) 'n Ondersoek na onderwysers se menings oor hulle samewerking en skakeling met do= sente het die volgende aan die lig gebring:

Die groot meerderheid respondente verklaar dat hulle nooit of slegs af en toe die geleentheid kry om studente se werk en probleme asook algemene op= voedkundige aangeleenthede met dosente te bespreek. Hierdie verskynsel moet as 'n groot leemte in die huidige oefenonderwyspraktyk beskou word en verdien ernstige aandag.

Dit blyk verder dat meer as die helfte van die onderwysers die verskille tussen hulle vakmetodieke en die van die dosente as van gemiddeld tot besonder groot beskryf. As gevolg van die verwarrende uit= werking wat hierdie verskynsel op studente mag hê, verdien ook dié saak aandag.

(f) Ten slotte het dit uit onderwysers se aanvullende kommentaar duidelik geword dat hulle verskeie bedenkings teen die praktyk van kritieklesse het en sterk daarop aandring dat oor die saak besin moet word.

2. <u>'n Ontleding van bevindings van die empiriese ondersoek in die lig van die geformuleerde doel= stellings met die praktiese opleiding van onder= wysers</u>

(a) <u>Praktiese opleiding aan die opleidingsinrig= tings</u>

(1) Die eerste oogmerk wat met die praktiese

opleiding aan opleidingsinrigtings onderskei is, is om studente in die geleentheid te stel om didaktiese beginsels en metodiek-voorskrifte toe te pas en om hulle te laat sien hoe dit toegepas kan word. Uit die ondersoek onder sowel dosente as studente het dit duidelik aan die lig gekom dat hierdie noodsaak= like en feitlik vanselfsprekende faset van die op= leiding by die meeste inrigtings grootliks verwaar= loos word. Wat die meeste opval, is die feit dat dosente slegs in uitsonderlike gevalle demonstrasie= lesse met leerlinge aan hulle studente gee. Die beskikbaarheid van voldoende en doelmatige demon= strasielokale en van skoolleerlinge is waarskynlik gedeeltelik vir die verskynsel verantwoordelik.

(2) Ten opsigte van die tweede doelstel= ling, nl. opleiding in die hantering van vaktegniese apparaat en opvoedkundige hulpmiddels is aangetoon dat hierdie opleiding nie in alle gevalle bevredigend geskied nie.

(3) Die volgende oogmerk nl. om by die inrigting geleenthede te skep vir voorligting ten opsig= te van remediërende werk, kan in die meeste gevalle nie ten uitvoer gebring word nie. Daar is vasge= stel dat slegs by twee inrigtings fasiliteite vir hierdie werk bestaan. As gevolg van die gevorderde aard van die werk kan slegs enkele seniorstudente betrek word.

(4) Opleiding in leierskap aan die oplei= dingsinrigtings geskied wel vry algemeen op infor= mele en indirekte wyse deur studente se deelname aan

'n groot verskeidenheid studentebedrywighede. Uit die aard van die saak is dit egter slegs 'n beperkte aantal studente wat in die geleentheid gestel word om leiding te neem en wat sodoende hierdie noodsaak=like opleiding ontvang. Studente ontvang nie formele opleiding in die beginsels en metodes van leierskap nie.

(5) Opleidingsinrigtings skep in die meeste gevalle geleenthede vir studente om in die loop van hulle opleiding aan 'n verskeidenheid godsdienstige kulturele, sport- en sosiale bedrywighede deel te neem. Dit is egter vasgestel dat 'n groot persen=tasie studente aan geen sodanige bedrywighede deel=neem nie en gevolglik die vormingsgeleenthede wat hierdie aktiwiteite vir hulle as toekomstige onder=wysers bied, verbeur.

(b) <u>Praktiese opleiding tydens oefenonderwys</u>

(1) Die oogmerk van oefenonderwys om studente die geleentheid te gee om die waarde en rele=vansie van wat by die opleidingsinrigting geleer word, aan die praktyk te toets en veral om die noue verband tussen teorie en praktyk in te sien, vereis onder andere 'n noue skakeling en goeie verstandhou=ding tussen dosente en onderwysers. Die ondersoek het egter getoon dat onderwysers se onderwysmetodes grootliks verskil van dié wat studente by die op=leidingsinrigtings leer. Boonop is aangetoon dat die standaarde en vereistes wat verskillende dosente vir kritieklesse stel, grootliks verskil. Hierdie

twee verskynsels mag daartoe bydra dat studente 'n vraagteken plaas teenoor die metodieke, voorskrifte en gebruike van dosente en/of van onderwysers.

Die feitlik totale afwesigheid van geleenthede vir studente om by die skole met onderwysers en do= sente gesamentlik in gesprek te tree oor onder andere die praktiese implementering van teoretiese insigte, mag verder bydra tot 'n gevoel van onsekerheid en vertwyfeling by studente oor die verband tussen teo= rie en praktyk.

Die feit dat studente, volgens onderwysers se verklaring, wel geleentheid kry om leerlinge se leer- en verwante probleme te bespreek, mag daarop dui dat studente wel hulle teoretiese kennis van die kind in die praktyk kan toets. Daar is egter nie vasge= stel hoe wetenskaplik-verantwoord hierdie bespre= kings van leerlinge altyd is nie.

Samevattend moet gestel word dat die moontlik= heid bestaan dat oefenonderwys soos dit tans beoefen word, mag faal in die oogmerk om studente die noue verband tussen teorie en praktyk te laat ervaar.

(2) Daar is aangetoon dat die oorgrote meerderheid studente 40 of meer dae oefenonderwys in die loop van hulle opleiding gee.[1] Daar kan dus aanvaar word dat studente voldoende geleentheid kry om self hulle aanleg en belangstelling vir die onderwysberoep vas te stel. Die geleenthede wat

1) Kyk tabel 17.

dosente het om studente in die skole te sien optree, word bepaal deur die stelsel wat die betrokke opleidingsinrigting volg. Aangesien die meeste inrigtings die gebruik volg om dosente elke dag na 'n nuwe groep studente te laat luister, mag dit beteken dat dosente slegs 'n oppervlakkige indruk van sommige studente se professionele moontlikhede kry en dus nie 'n betroubare verslag oor hulle geskiktheid vir die onderwysberoep kan lewer nie. Dit is verder belangrik om daarop te let dat 'n aansienlike persentasie skoolhoofde verklaar dat hulle en/of hulle onderwysers nie die tyd het om behoorlike aandag aan studente te skenk en om deeglik verslag oor hulle bekwaamheid, aanleg en belangstelling vir die onderwys te doen nie.

(3) Die antwoorde van studente en onderwysers het aangetoon dat studente voldoende geleenthede kry om les te gee en om ervare en deskundige onderwysers se lesse by te woon. Die voorafbeplanning- en bespreking van studente se lesse asook die bespreking van onderwysers en studente se lesse na afloop daarvan, vind egter selde plaas.

(4) Studente kry voldoende geleenthede om ervare en bekwame onderwysers waar te neem in die uitvoering van hulle daaglikse pligte van lesgee, drilwerk, gebruik van hulpmiddels, dissiplinêre optredes, ens. Of dit studente aanspoor om 'n kritiese vermoë te ontwikkel en sodoende tot 'n eie benadering te kom en of hulle slegs hierdie onderwysers klakkeloos gaan na-aap, is nie vasgestel nie.

(5) Daar is nie ondersoek ingestel na die wyse waarop studente ten opsigte van persoonlike aan= geleenthede soos houding, kleredrag, stemgebruik, ens. by skole voorgelig word nie. Dit kan egter aanvaar word dat hierdie aspekte wel in die algemene voorlig= ting en deur die voorbeeld van onderwysers en hoofde aan studente voorgehou sal word, veral as in gedagte gehou word dat die meerderheid onderwysers ervare en uitgesoekte leerkragte is en ook deur die studente as sodanig beskryf is.

(6) Oor die mate waarin studente se oefen= onderwyservaring bydra om hul te oriënteer ten op= sigte van die wêreld van die skool in sy groot ver= skeidenheid en ten opsigte van al die eise wat on= derwyser-wees aan die onderwyser stel, het die on= dersoek verskeie sake aan die lig gebring.

By talle skole is oefenonderwys vir studente 'n 'n verrykende en stimulerende ervaring en doen hoof en onderwysers groot moeite om studente tuis te laat voel en hulle so volledig en deeglik moontlik op te lei.

Daar is egter ook talle gevalle waar studente in 'n groot mate aan hulleself oorgelaat word en min pogings aangewend word om hulle op 'n beplande wyse in te lyf in die komplekse wêreld van die skool en ten opsigte van die eise van die beroep. Hiervan getuig die feit dat groot getalle studente nie inge= lig word oor noodsaaklike didaktiese aangeleenthede en klaskamerprosedures nie; dat hulle nie by die

sosiale en professionele bedrywighede betrek word nie; dat afstuderende studente selde die geleent=heid kry om vir 'n tydperk voltyds skool te hou, ens.

## 3. Aanbevelings

Die ondersoek het aangetoon dat by alle oplei=dingsinrigtings en skole wat gesamentlik vir die prak=tiese opleiding van onderwysers verantwoordelik is, talle bewyse van 'n opregte strewe gevind is om 'n positiewe bydrae te lewer tot die suksesvolle oplei=ding van onderwysers. Die ondersoek het egter ook daarin geslaag om die vinger te lê op leemtes en ge=breke in die praktiese opleidingsbeleid en -praktyk wat die ernstige aandag van die verantwoordelike in=stansies verdien.

Gedagtig aan die verskeidenheid van benaderings=wyses en stelsels wat ten opsigte van die praktiese opleiding by opleidingsinrigtings en skole bestaan en wat aangepas is om in hulle besondere behoeftes te voorsien, moet die bydrae van hierdie navorsings=projek gesien word as 'n aantal aanbevelings aan die onderskeie instansies. Dit wil geensins voorgee om 'n volledig uitgewerkte stelsel van praktiese opleiding te wees nie.

Dit is wel moontlik om na aanleiding van leemtes, gebreke en besware wat deur hierdie navorsing aan die lig gebring is, die volgende aanbevelings vir die betrokke instansies ter oorweging voor te lê:

a. <u>Praktiese opleiding aan die opleidingsin= rigtings</u>

(1) 'n Besliste leemte ten opsigte van die praktiese opleiding wat tans by die meeste inrigtings bestaan, is die gebrek aan voldoende geleenthede vir demonstrasielesse deur dosente en studente.

(a) Die eerste probleem wat in die ver= band uitgestryk behoort te word, is die voorsiening van geskikte demonstrasielokale en die effektiewe be= nutting daarvan. Die ondervinding van die verlede het getoon dat demonstrasie- of oefenskole verbonde aan opleidingsinrigtings baie probleme skep. Na aanleiding van hierdie ondervinding sou dit nie die moeite loon om weer met soortgelyke eksperimente te begin nie. Dit is egter noodsaaklik dat fasiliteite en geleenthede by inrigtings geskep moet word vir die aanbieding van demonstrasielesse.

(b) Demonstrasielesse sonder leerlinge het min vormende waarde vir die student. Hier word dus hoofsaaklik gedink aan lesse aan skoolklasse. Vir dié doel is dit noodsaaklik dat opleidingsinrig= tings effektiewe skakeling met nabygeleë skole moet handhaaf en op 'n bevredigende basis van samewerking sal besluit. In die verband moet die onderwysdepar= tement (c.s. die skole) aanvaar dat bevredigende reë= lings met alle betrokke inrigtings, t.w. kolleges en universiteite getref moet word.

(c) Demonstrasielokale moet vanselfspre= kend aan die basiese vereistes vir sodanige lokale voldoen. Wat vereis word is 'n klaslokaal wat van

'n waarnemingslokaal geskei is deur eenrigtingglas. Verder moet daar kommunikasiegeriewe tussen die klas=lokaal en die waarnemingslokaal wees. Bandopnemers vir die opname van lesse met die oog op latere bespre=king, behoort ook as normale toerusting beskou te word.

(d) Dit is duidelik dat as alle metodiek=dosente van demonstrasielokale gebruik maak, 'n in=rigting meer as een lokaal sal benodig. In die verband word lokale voorgestel wat by die behoeftes van verskillende vakke aangepas is, bv. 'n lokaal v r algemene vakke sonder gespesialiseerde apparaat ander lokale bv. met laboratorium- of ander fa=siliteite, volgens behoefte.

(e) Dit is voorts belangrik dat dosente dit as vanselfsprekend sal moet beskou om sodanige lokale ten volle te benut. In die verband het die ondersoek getoon dat by inrigtings wat tans oor de=monstrasielokale beskik, nie die beste gebruik daar=van gemaak word nie.

(f) Oorweging behoort geskenk te word aan die moontlikheid om ervare en deskundige on=derwysers van die skole te betrek by die aanbieding van demonstrasielesse met hulle eie leerlinge by die opleidingsinrigtings. As daarin geslaag kan word om klasgroepe van skole te kry is die betrokke onderwyser in elk geval beskikbaar om die klas te vergesel en 'n demonstrasieles te gee.

(g) Voorts moet in gedagte gehou word dat demonstrasielesse weinig waarde het as dit nie opge=

volg word met indringende bespreking en ontleding van die lesse nie. In die verband word die gebruik van bandopnames van lesse sterk aanbeveel.

(h) 'n Moderne ontwikkeling en nuwe moont= likheid in die praktyk van demonstrasielesse is nl. die gebruik van geslotebaantelevisie. Daar is pas oorgegaan tot die installering van hierdie fasili= teite by twee Transvaalse onderwyskolleges. Die wyse waarop en die mate waarin hierdie medium by die praktiese opleiding benut kan word, verdien nou in= tensiewe navorsing.

(2) Die feit dat 'n aansienlike persen= tasie afstuderende studente verklaar het dat hulle by die inrigtings nie voldoende ondervinding in die hantering en aanwending van noodsaaklike vaktegniese apparaat en opvoedkundige hulpmiddels opgedoen het nie, verdien inrigtings se ernstige aandag. Afge= sien van die gespesialiseerde apparaat waarmee stu= dente in vakke soos Huishoudkunde, Bedryfskennis, die natuurwetenskappe, ens. vertroud gemaak behoort te word, word hier ook gedink aan die verskeidenheid opvoedkundige hulpmiddels wat in alle skole en vir alle vakke gebruik kan word, bv. filmprojektors, tru= projektors, ens. Skole kan immers teenswoordig ver= wag dat alle studente in die geleentheid gestel sal word om by die opleidingsinrigtings te leer om bv. projektors, bandopnemers, ens. te hanteer.

(3) Daar is in hierdie studie van die standpunt uitgegaan dat die onderwyser 'n tweeledige taak het: as onderwyser-opvoeder in die klaskamer

en as inisieerder en leier buite die klaskamer en selfs ook buite die skool in gemeenskapsverband. Hierdie benadering bring twee implikasies vir die praktiese opleiding van onderwysers mee. Eerstens moet opleidingsinrigtings dit as hul taak aanvaar om die student se praktiese opleiding in een of meer vaardighede of bedrywighede buite klasverband as deel van die opleidingstaak te aanvaar. Die onderwyser wat net vir die klaskamerbedrywighede opgelei is, kan hiervolgens nie as 'n volledig-opgeleide onder=wyser beskou word nie.

Tweedens maak die eise wat voortdurend aan die onderwyser gestel word om uit hoofde van sy amp, ook in gemeenskapsverband 'n aktiewe rol te vervul en dikwels leiding te neem, dit noodsaaklik dat die on=derwysstudent formele opleiding in die beginsels en metodes van leierskap sal moet ontvang.

(4) In verband met opleidingsinrigtings se aandeel aan die beplanning van oefenonderwys en op=volgwerk wat hieruit voortspruit, word die volgende aanbevelings ter oorweging gegee:

(a) Die ondersoek het aangetoon dat 'n eenvormige beleid en standaard ten opsigte van vereis=tes wat vir studente se kritieklesse gestel word, aan=dag moet geniet. In die verband blyk dit nodig te wees dat opleidingsinrigtings metodes moet bedink om veral dosente wat vir dieselfde vak verantwoorde=lik is, volgens 'n eenvormige basis lesse te laat evalueer. Dit behoort bv. moontlik te wees om groepe

vakdosente in 'n demonstrasielokaal na dieselfde kri= tiekles(se) te laat luister en evalueer. 'n Ontle= ding van sodanige evaluerings kan tot vrugbare be= spreking lei en daartoe bydra dat dosente min of meer dieselfde maatstawwe toepas by die evaluering van ge= wone kritieklesse.

(b) Studente wat tydens oefenonderwys vir sekere dosente kritieklesse sal aanbied, behoort vooraf deur alle betrokke dosente ingelig te word oor wat van hulle in elke besondere vak verwag sal word.

(c) Aangesien skole vollediger beson= derhede in verband met studente verlang, behoort inrigtings dit te oorweeg om ten opsigte van elke stu= dent sodanige besonderhede te verskaf wat skole in staat sal stel om 'n student volgens sy bekwaamheid en aanleg te gebruik en om professionele tekortko= minge te help uitskakel.

(d) Afgesien van die gewone gebruik wat inrigtings van studente-groepleiers maak, nl. om die organisatoriese aspekte van die oefenonderwysprogram by die skole te behartig, moet dit oorweeg word om groepleierskap ook as opleidingsgeleentheid te benut. Soveel studente moontlik behoort naamlik die geleent= heid te kry om leiding tydens oefenonderwys te neem om ook langs die weg verantwoordelikheid te leer aan= vaar.

(e) Die gebruik word redelik algemeen gevolg om na afloop van 'n oefenonderwystydperk by die opleidingsinrigting nabetragting te hou deur veral op algemene tekortkominge te wys en ook goeie werk te

vermeld. Dosente kan dit egter ook oorweeg om van tyd tot tyd aan studente wat besonder goeie kritiek=lesse by skole gegee het, die geleentheid te bied om van die lesse voor studente te herhaal. Alhoewel omstandighede vanselfsprekend minder gunstig as by 'n skool is, sal dit medestudente in staat stel om lesse wat volgens dosente besonder geslaag was, aan te hoor. Vrugbare besprekings kan na aanleiding van sodanige lesse gevoer word.

(f) Inrigtings behoort dit as beleid te aanvaar om gereeld elke paar jaar verteenwoordigers van alle skole in hulle oefenonderwysgebied by die inrigting saam te trek. Sodanige konferensies be=hoort grootliks daartoe by te dra om 'n nouer skake=ling tussen opleidingsinrigtings en oefen-skole te bewerkstellig en om die talle probleme i.v.m. oefen=onderwys te bespreek en oplossings te probeer vind.

b. <u>Praktiese opleiding tydens oefenonderwys</u>

(1) Uit die ondersoek het dit duidelik geword dat sowel hoofde as onderwysers dit verwelkom om met die opleiding van toekomstige onderwysers be=hulpsaam te wees maar dat hulle in die meeste gevalle nie voldoende tyd het om na wense aandag aan studente te skenk nie. Dit het ook geblyk dat baie min skole 'n persoon of persone kan afsonder om tydens oefenon=derwys volle aandag aan die beplanning en koördine=ring van oefenonderwysaktiwiteite te skenk.

Dit word voorgestel dat skoolhoofde dit moet aanvaar dat een of meer bekwame senior studente uit 'n

studentegroep afgesonder kan word om (miskien om die beurt) die klaswerk van bekwame onderwysers oor te neem. Op dié wyse word hierdie onderwysers dan vry=gestel om hulle volle aandag aan al die aspekte van die studente se praktiese opleiding by die skool te wy. So 'n reëling kan egter slegs toegepas word as opleidingsinrigtings toesien dat daar in elke studen=tegroep wat na 'n skool gestuur word, senior studente sal wees wat in so 'n stadium van hulle opleiding is dat van hulle verwag kan word om 'n onderwyser se klas=werk oor te neem. Dit veronderstel dat opleidingsin=rigtings aan skole 'n aanduiding sal moet gee van wat=ter studente volgens hulle mening in staat behoort te wees om die groter verantwoordelikheid te aanvaar.

(2) Terwille van die bevredigende inskake=ling van studente by die oefenskole, word aanbeveel dat elke skool 'n inligtingstuk vir kennisname van oefenonderwysstudente moet opstel. So 'n inligting=stuk kan bv. interessante inligting oor die skool se geskiedenis asook besonderhede omtrent die tradi=sies en gewoontes bevat. Inligting oor aspekte van die skool se organisasie van bv. speelgronddiens, buitemuurse bedrywighede, reëlings i.v.m. toetse en eksamens, klasindeling, dissiplinêre optredes, ens. sal meehelp om studente dadelik op hoogte van elke nuwe skool se reëlings en gebruike te stel. Dit sal voorts grootliks bydra tot die suksesvolle in=skakeling van studente by die skoolbedrywighede as hulle pligte en verantwoordelikhede tydens oefenonder=wys in so 'n inligtingstuk volledig uiteengesit word.

(3) Te oordeel na studente se kommentaar kan hoofde veel meer gebruik maak van studentegroep= leiers. Deur hierdie persone as sodanig te erken en hulle ten volle te benut deur ook van die skool se kant verantwoordelikhede aan hulle op te dra, kan die oefenonderwysperiode vir sowel hoofde en onderwysers as vir studente veel gladder verloop en meer beteken.

(4) Skole behoort doelbewuste pogings aan te wend om studente by skoolbedrywighede soos perso= neelvergaderings, sportbyeenkomste, ens. te betrek. Spesiale vergaderings of gesellighede van plaaslike takke van onderwysersverenigings om studente te verwelkom sal veel bydra om studente by voorbaat in die professie te verwelkom en hulle die waarde en betekenis van professionele verenigings te laat in= sien.

(5) Ten opsigte van wat as die belangrik= ste aspek van oefenonderwys beskou moet word, t.w. die studente se optrede in die klaskamer, is die vinger op verskillende probleme gelê wat ernstige aan= dag verdien:

(a) Die feit dat 'n aansienlike persen= tasie onderwysers verklaar dat hulle 'n oefenonderwys= periode onbeplan laat verloop, beklemtoon die nood= saaklikheid dat 'n skool een of meer onderwysers moet vrystel om die beplanning en koördinasie van oefenonderwysaktiwiteite te behartig. Studente kan bv. veel meer waarde uit die lesse van onderwysers sowel as uit hul eie lesse put as dit vooraf georga=

niseer, bespreek en beplan en agterna weer ontleed word.

In die verband word die gebruik wat by enkele skole bestaan om bekwame onderwysers in die geleent= heid te stel om aan die hele studentegroep demonstra= sielesse te gee, baie sterk aanbeveel. Om die mees= te waarde uit sodanige demonstrasielesse te put, be= hoort studente deel te hê aan die beplanning en voor= bereidings van lesse en behoort samesprekings daar= oor na afloop van die lesse gevoer te word.

(b) Daar word aan die hand gedoen dat onderwysers dit as hulle verantwoordelikheid aanvaar om studente ten volle vertroud te maak met die ver= skeidenheid state wat betrekking het op skool- en klasorganisasie soos bv. klasbesoekregisters, promo= siestate, ed. lab.-kaarte, ens. Alhoewel opleidings= inrigtings hierdie aspekte van die skoolorganisasie teoreties kan behandel, bly die klaskamer die enigste plek waar studente bevredigende praktiese opleiding hierin kan ontvang.

(c) Die belangrike saak van kritiekles= se voor dosente en veral die samewerking van dosente en onderwysers in dié verband, blyk uiters onbevredi= gend te wees. Hierdie saak verdien ernstige aandag.

Na aanleiding van die bevindings van die onder= soek word aanbeveel dat die betrokke onderwysers by die beplanning, bywoning en bespreking van studente se lesse betrek word. Sodoende kan die praktyk van kritieklesse, wat in kommentaar van studente en on=

derwysers dikwels as 'n klug bestempel is, tot 'n spanpoging in belang van studente se doeltreffende opleiding ontwikkel. Die verskil in benadering van dosente en onderwysers t.o.v. die metode van lesgee behoort sodoende ook onder die soeklig te kom en uitgestryk te word. Die verskynsel dat onderwysers en studente (volgens sommige onderwysers se kommen= taar) die dosent soms as 'n bedreiging beskou en as iemand wat ver van die werklikheid lewe, moet groot= liks aan hierdie gebrek aan gespreksmoontlikhede tus= sen dosente, onderwysers en studente toegeskryf word.

Daar word aanbeveel dat dosente by hulle aan= koms by 'n skool, 'n tyd inruim vir bespreking met die hoof oor algemene sake rakende die studente en oefenonderwys-aangeleenthede in die besonder. Daar= na behoort 'n bespreking met die betrokke onderwysers te volg oor die spesifieke aangeleenthede van die studente in die klassituasie, gevolg deur 'n bespre= king met onderwysers en studente oor die prosedure en agtergrond van lesse wat aangebied gaan word. Sodoende word kritieklesse dan as 'n gesamentlike poging benader en die gedagte by studente tuisgebring dat sowel dosente as onderwysers saamwerk om van kri= tieklesse 'n positiewe bydrae tot hulle opleiding en ontwikkeling te maak. Dit spreek vanself dat geen student onder sulke omstandighede 'n kritiekles swak voorbereid en halfhartig sal aanpak nie. Die ge= bruik van bandopnemers as hulp by die latere bespre= king van lesse word sterk aanbeveel.

(d) Die feit dat die oorgrote meerder= heid vakmetodiekdosente tans selde die geleentheid kry om demonstrasielesse in hulle vak(ke) te gee, mag daartoe lei dat hierdie dosente selfvertroue verloor. Dosente behoort gevolglik geleenthede te skep om ty= dens hulle besoeke aan studente so gereeld moontlik self op te tree met die oog op demonstrasie maar ook terwille van die noodsaaklike kontak met leerlinge en met die eise wat onder skooltoestande aan die on= derwyser gestel word.

Uit die aard van die saak sal dosente dan voor= af met die betrokke onderwyser en studente moet ska= kel i.v.m. beplanning van so 'n les. Dit spreek vanself dat wanneer dosente by 'n skool veel meer tyd aan besprekings en eie demonstrasielesse sal be= stee, hulle na minder studente se lesse sal kan lui= ster. Dosente behoort egter die hele skooldag te benut.

(e) Alhoewel vasgestel is dat die meer= derheid studente in die geleentheid gestel word om leer-, gedrags- en ander probleme van leerlinge te bespreek, behoort hierdie aspek van die opleiding op 'n vaste opvoedkundig-verantwoorde basis georganiseer te word. Daar bestaan nl. 'n wesenlike behoefte dat studente opgelei sal word om leerling-besprekings te voer met die oog op herkenning van probleme in die klaskamer. Skole behoort dit ernstig te oorweeg om 'n paneel bestaande uit o.a. die betrokke klas- of vakonderwysers(s) en die voorligter- en voogon= derwysers in die geval van hoërskole aan te stel om

gereelde leerlinge-besprekings te voer waarby studen= te betrek kan word. Dit sal studente aanmoedig om in die klaskamers na gedrags- en leerprobleme op te let en sodanige gevalle tydens leerlingbesprekings te berde te bring.

(f) As aanvaar word dat afstuderende studente met hulle laaste oefenonderwystydperk in 'n redelike mate in staat behoort te wees om 'n onder= wyser se volle program te behartig, word dit aan skoolhoofde ter oorweging gegee om sodanige studente die geleentheid te bied om vir minstens 'n week vol= tyds skool te hou en sover moontlik al die onderwyser s verantwoordelikhede te behartig. Studente sal so 'n afrondingstydperk baie waardevol vind. Die onderwyser behoort hom egter nie te onttrek nie, maar behoort nog toesig oor die gehalte en inhoud van die klaswerk te hou sodat leerlinge nie dalk skade ly as gevolg van 'n student wat nog nie heeltemal oor genoeg selfvertroue en vaardigheid beskik nie.

(6) Opleidingsinrigtings moet ernstige aandag skenk aan die moontlikheid om dosente slegs 'n beperkte groep skole of 'n sekere groep studente te laat besoek in plaas van elke dag 'n nuwe skool met nuwe studente. Die gebruik wat deur die meeste inrigtings toegepas word, nl. dat dosente gedurende 'n oefenonderwystydperk elke student slegs een keer aanhoor, behoort gewysig te word. Die waarde van opvolgwerk en die feit dat dosente langs dié weg die idee van 'n spanpoging by die student kan laat pos= vat, kan nie oorskat word nie.

(7) Opleidingsinrigtings moet daarvan ken= nis neem dat die oorgrote meerderheid skole verkies dat studente hulle oefenonderwys gedurende die twee= de en derde kwartale gee. Afgesien van die onge= rief wat studente se teenwoordigheid tydens die eerste en vierde kwartale vir skole inhou, is aange= toon dat hierdie kwartale om verskillende redes min= der geskik vir opleidingsdoeleindes is.

(8) Die moontlikheid van 'n volle kwar= taal oefenonderwys geniet die ondersteuning van die meerderheid skoolhoofde. Hierdie saak verdien ernstige oorweging. Daar is o.a. op gewys dat 'n langer tydperk van aaneenlopende oefenonderwys be= sliste voordele vir studente inhou. Op die manier kan bv. spesifieke verantwoordelikhede soos die on= derrig van 'n besondere vak vir die volle kwartaal aan hulle opgedra word. Die voorvereistes is egter van beslissende belang, t.w. dat slegs senior studente vir so 'n lang aaneenlopende tydperk gebruik moet word en dat dosente aktief betrek ~~sal~~ moet word in die praktiese opleidingsprogram by die skole. Indien slegs afstuderende studente gebruik word, behoort dit vir skole moontlik te wees om een of meer be= kwame onderwysers van hulle klaspligte vry te stel sodat hulle die organisatoriese en opleidingsaspekte kan behartig.

(9) Die suggestie van 'n lang tydperk van praktiese onderwys — in teenstelling met oefenon= derwys — na afloop van die student se formele oplei= ding aan die opleidingsinrigtings, bied besliste

moontlikhede. Oor die aangeleentheid kon in die on=dersoek egter nie duidelikheid verkry word nie. Verdere ondersoek na die moontlikheid, veral na aan=leiding van die Amerikaanse stelsels van internskappe en spanonderrig (team teaching) is nodig.[1)]

(10) Die wenslikheid om vir demonstrasie=lesse by opleidingsinrigtings klasgroepe van nabyge=leë skole te verkry, kan allerlei vervoer- en orga=nisatoriese probleme vir skole en opleidingsinrigtings skep. Die moontlikheid om by sekere skole in die omgewing van opleidingsinrigtings demonstrasielokale te voorsien, behoort ondersoek te word. So 'n moont=likheid hou verskeie voordele in, onder andere dat leerlinge in hulle eie skoolatmosfeer natuurliker sal optree en dat dit 'n minimum ontwrigting vir skole sal meebring. In so 'n geval kan ook veel makliker van die skole se eie leerkragte gebruik gemaak word vir demonstrasielesse.

(11) Die moontlikheid dat dosente na 'n tydperk as dosent by 'n opleidingsinrigting uit voe=ling met die onderwys en die eise en vereistes van die onderwyspraktyk kan raak, is 'n wesenlike pro=bleem wat deur dosente en onderwysers bevestig word. Die begeerte word dikwels deur dosente uitgespreek om vir bv. 'n kwartaal na 'n skool te kan teruggaan om skool te hou en sodoende voeling met die praktyk te behou. Terselfdertyd is daar talle bekwame en ervare onderwysers wat met groot vrug vir kort tyd=perke van bv. 'n kwartaal na opleidingsinrigtings gesekondeer kan word sodat hulle kennis en ervaring

---

1)Kyk p. 68 (hfst. IV).

tot beskikking van studente gestel kan word.

Die moontlikheid van 'n uitruilskema tussen do= sente en bekwame vakonderwysers verdien om bogenoemde redes aandag.

(12) Ten slotte moet melding gemaak word van 'n eksperiment in verband met die praktiese op= leiding van onderwysers wat die vier provinsiale on= derwyskolleges in opdrag van die Transvaalse Onderwys= departement gedurende 1968 uitgevoer het.[1)]

Volgens die omsendbrief moes elke onderwyskol= lege die eksperiment by hoogstens vier hoërskole en agt laerskole uitvoer. Die doelstellings van die eksperiment was om studente meer geleentheid te gee om die beginsels wat hulle aan die kolleges bestudeer het aangaande die Didaktiek en Opvoedkundige Sielkunde in die praktyk toe te pas deur waarneming, deelname en verantwoordelikheidsaanvaarding. Kritieklesse sou in die eksperiment grootliks vervang word deur 'n stelsel van praktiese opleidingsevaluering, waar= deur besoeke deur dosente ingeperk word en die skole 'n groter aandeel en verantwoordelikheid in verband met die praktiese opleiding sou aanvaar. Om dit moontlik te maak, is onderwysers wat deur hoofde en inspekteurs as die beste bevoeg geag is om studente in praktiese onderwys op te lei, as dosent-onderwysers aangewys. Vir elke laerskool is twee dosent-onder= wysers aangewys, t.w. een vir studente in junior-pri=

1) Kyk T.O.D.-omsendbrief nr. 28 van 1968. Die omsend= brief is uitgestuur en die eksperimente deur kolle= ges uitgevoer nadat die vraelyste van hierdie onder= soek alreeds opgestel en deur die betrokke instan= sies beantwoord is.

mêre werk en een vir studente in senior-primêre werk. Elke dosent-onderwyser moes 8 tot 10 studente behartig met 'n maksimum van 20 studente per skool. In hoër= skole moes 1 tot 4 dosentonderwysers aangestel word, met 'n maksimum van 20 studente per skool. Dit is aan elke kollege oorgelaat om op sy eie wyse en in sy eie tyd die eksperiment in oorleg met hoofde van uitgesoekte skole en die betrokke skole se inspek= teurs uit te voer. Kolleges moes ook 'n handleiding opstel wat onder andere die taak van dosentonderwysers uiteensit.

Aangesien dit nie die bedoeling is om hier 'n volledige verslag van die eksperimente wat by elke kollege uitgevoer is, te gee nie, sal slegs kortliks verwys word na die belangrikste aspekte van die eksperiment soos uitgevoer deur een van die vier kol= leges. Slegs die belangrikste bevindings sal ver= meld word. By die betrokke kollege is die taak van 'n dosentonderwyser soos volg omskryf:

(a) Die verdeling van studente onder die bekwaam= ste klas- en vakonderwysers;
(b) weeklikse rotasie van studente tussen boge= noemde onderwysers;
(c) hulp en leiding aan studente i.v.m. lesse;
(d) evaluering van lesse in samewerking met hoof en klas- of vakonderwyser;
(e) reëling van demonstrasielesse;
(f) die vertroud maak van studente met die or= ganisasie van sport- en kultuurbedrywighede van die skool; en
(g) die inskakeling by en aktivering van die

studente tot deelname aan hierdie aktiwitei=
te;

(h) om die studente insae te gee in en vertroud te maak met :

  (i) alle state wat betrekking het op skool= administrasie en organisasie,

  (ii) alle state en stukke m.b.t. klasorga= nisasie;

(i) voorligting i.v.m. die waarde van register- en/of voogperiode;

(j) hulp en leiding i.v.m. die nasien en kon= trole van werk, ens.

(k) skakel tussen studente en hoof;

(l) skakel met die kollege;

(m) opstel van verslae aan kollege;

(n) kontrole van afwesigheid van studente;

(o) enige ander aangeleentheid wat hy nodig ag i.v.m. die effektiewe praktiese opleiding van studente.

Elke student sou slegs een besoek van 'n dosent ontvang met die oog op raadgewing en die aanhoor van 'n kritiekles.

Uit die verslag wat die kollege na afloop van die eksperiment na aanleiding van resultate verkry uit vraelyste, opgestel het, blyk hoofsaaklik die volgende: Al vier die groepe wat in die eksperiment betrokke was, t.w. hoofde, onderwysers, dosente en studente was oorwegend ten gunste van die oogmerke van die eksperiment. Dit het duidelik geblyk dat laerskole meer geneig was om die groter verantwoorde=



502

likheid vir die opleiding van die toekomstige onder= wysers te aanvaar as die hoërskole. Dit het verder geblyk dat die waarskynlikste rede vir hierdie verskil die feit is dat die dosentonderwysers aan die hoër= skole meesal vir die onderrig van senior leerlinge verantwoordelik was en nie voldoende aandag aan die studente kon skenk nie.

Die belangrikste knelpunte van die eksperiment was dat te veel studente aan 'n enkele dosent-onder= wyser en ook te veel studente, veral by die grade= klasse aan 'n besondere klasonderwyser toegeken is.

In 'n opvolgeksperiment wat dieselfde kollege op eie inisiatief aan die begin van 1969 onderneem het, is hierdie knelpunte verwyder toe daar slegs 8 studente per skool en 4 studente per dosent-onder= wyser geplaas is, met 2 dosent-onderwysers by elke laerskool en 4 by elke hoërskool. Besoeke deur do= sente is ook vermeerder tot twee in plaas van een per student.

Die belangrikste gevolgtrekking wat uit die re= sultate van hierdie twee eksperimente gemaak kan word, is dat die idee van dosent-onderwysers wat met spesi= fieke opleidingsfunksies belas is, groot byval by alle betrokke instansies gevind het. Met die oog op 'n moontlike instelling van so 'n stelsel is 'n duidelike voorbehoud egter gestel, nl. dat toestande geskep moet word om dosent-onderwysers in so 'n mate van hulle normale pligte los te maak dat dit vir hulle prakties moontlik sal wees om studente se op= leidingsprogram te beplan en te koördineer.

Die belangrikste gevolgtrekking waartoe in hierdie eksperiment gekom is, bevestig die bevinding van die onderhawige ondersoek, nl. dat skoolhoofde en onderwysers gewillig is om die medeverantwoordelikheid vir die opleiding van onderwysers te aanvaar. Die aanbeveling dat hoofde dit moet aanvaar dat bekwame senior studente die klaspligte moet oorneem van onderwysers wat met opleiding belas word,[1] kan ook in die geval van die eksperiment se dosent-onderwysers van toepassing gemaak word.

4. Aanbevelings vir verdere ondersoek

Hierdie navorsing het aan die lig gebring dat daar by sowel die opleidingsinrigtings as by die skole verskillende aspekte van die praktiese opleiding van onderwysers is wat aan verdere intensiewe ondersoek onderwerp behoort te word. Daar bestaan veral die behoefte om sekere gebruike en nuwe moontlikhede of ontwikkelings op hierdie gebied op eksperimentele vlak te ondersoek.

Dit kan redelik verwag word dat 'n ondersoek na die volgende sake grootliks sal bydra om 'n beter idee te gee van die vormende waarde van sekere gebruike en die moontlikhede wat andere inhou:

(a) Die wenslikheid van die verlenging van die opleiding deur middel van 'n tydperk van praktiese onderwys na afloop van die student se formele opleiding aan die opleidingsinrigting. In die ver=

---

1) Kyk p.492 (hfst. XIII)

band sal 'n studie van onder andere die Amerikaanse stelsel van internskap waardevol wees.

(b) Verdere eksperimentele ondersoeke na die moontlikhede wat poste van dosent-onderwysers by oefenskole inhou. Veral die funksies wat sodanige persone t.o.v. beplanning en koördinering van oplei= ding by hulle skole kan vervul, asook die mate waarin hulle by die praktiese opleiding aan die opleidings= inrigtings betrek kan word.

(c) In aansluiting by punt (b), die moontlikhede wat spanonderrig (team teaching) vir praktiese opleiding bied. In die verband kan 'n span gesien word as die hoof, dosent-onderwysers en ander bekwame onderwysers van die skool, sowel as die betrokke studente en dosente van die opleidings= inrigting.

(d) Die toepassing van geslotebaantele= visie by die praktiese opleiding, veral na aanleiding van die feit dat twee Transvaalse onderwyskolleges tans oor hierdie fasiliteite beskik.

(e) Demonstrasielesse by opleidings= inrigtings en by oefenskole.

(f) Ontleding van die vereistes of kri= teria vir kritieklesse of anders gestel, pedagogies-verantwoorde kriteria vir die beoordeling van kritiek= lesse.

(g) Leierskapsopleiding as deel van onderwysersopleiding.